

Praat met die Topbestuur en kom tot rus

Het jy ongelowige base, of leiers? Jy loop jou vas teen korrupsie en onregverdige mense wat mag het oor jou lewe. Jy staar afdanking of 'n groot onreg in die gesig. Jy voel magteloos. Daar is 'n versmorende atmosfeer van haat en vyandigheid. Daar is nie veel liefde en begrip vir jou nie en die toekoms lyk duister.

Wat jy ook al sê of doen, niks gaan help nie, tensy jy dalk soos hulle word. Nee, jy kan nie jou Here verloën nie. Onthou, Jesus het op aarde dieselfde situasie beleef met die vyandiggesinde Fariseërs en Romeinse owerhede. Danksy sy volharding en kruisoffer het God aan ons kant kom staan. Ons verdien dit nie, want ons staan baiekeer nie aan sy kant nie. Dis hoekom ons so gou paniekerig, moedeloos en opstandig word. Moenie kortsigtig wees nie! Bid verby die mense bokant jou tot jou Here wat héél bo is. Praat met die Topbestuur – Hy is aan jou kant.

Dit is wat die psalmdigter gedoen het toe hy besef het dat die Here nie met sy leiers is nie. Hy noem 'n klomp groot stede in Israel en ook die vyandige lande om Israel wat hom kan verpletter. Die vyande moet egter besef dat hulle nie die finale sê en mag oor sy lewe en toekoms het nie. Hy vrees hulle nie, want hy het 'n God in die hemel wat in beheer en aan sy kant is. Daarom kan hy rustig en blymoedig lofliedere sing.

Al lyk die naby toekoms dalk nie so rooskleurig nie, lyk die ewige toekoms goudkleurig vir ons. Wat kan ons anders doen as om God se aangesig te soek? Wie dit doen, sal groot rustigheid beleef en 'n diepere vreugde wat nie deur aardse onreg verdring kan word nie. Ons nader tot Hom in nederige afhanklikheid en met diepe berou oor ons swakhede en sonde. Ons moet net onthou Jesus Christus, ons Topbestuur, het alle mag in hemel en op aarde, en ons toekoms is in sy deurboorde hande.

Sing: Psalm 146:3

Ds Christie Roets (Brakpan-Suid)